

12 JANUARIE 2017

PERSVERKLARING

VERVALSTE REGISTRATEURS KENNISGEWING DAT ALLE AKTE DOKUMENTE VANAF 1 JANUARIE 2017 NET IN ENGELS BY DIE AKTE KANTORE INGEDIEN MOET WORD

'n Kennisgewing onder die naam van die Registrateur van Aktes van Pretoria gedateer 1 Desember 2016 waarin opdrag gegee word dat alle aktes in akte kantore vanaf 1 Januarie 2017 net in Engels ingedien mag word, het vals geblyk te wees. Die motivering in die werknemer van die Registrateur van Aktes van Pretoria se kantoor se vervalste kennisgewing, wat sy op 8 Desember 2016 aan ongeveer 163 prokureursfirmas uitgestuur het, vir die besluit om net Engels te gebruik word aangegee as synde dat daar onnodige druk op die departement en onnodige vertragings in die registrasie proses, wanneer klaarblyklik ander amptelike tale as Engels gebruik word, veroorsaak word. Die Outeur van hierdie kennisgewing matig hulle die reg aan om die Grondwet se gebiedende voorskrif om 'n minimum van twee amptelike tale te gebruik, te negeer. Hierdie is taalterrorisme teenoor Afrikaanssprekendes en ander amptelike taal sprekers anders as Engels wat aktes in die ander amptelike tale wens in te dien. Die dokument is duidelik 'n vlieër, wat opgestuur is om die reaksie van prokureurs en die publiek te toets.

Artikel 6(3)(a) van die Grondwet, wat 'n minimum van twee amptelike tale, wat deur die Nasionale Regering gebruik moet word, en artikel 4(2)(b) van die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, Wet 12 van 2012, wat drie amptelike tale gebiedend vir gebruik voorskryf, is in hierdie poging eenvoudig net geïgnoreer. Die vervalste kennisgewing meld dat die praktyk kragtens artikel 35(2) van die Akteswet, Wet 47 van 1937, soos gewysig is dat dokumente in enige van die elf amptelike tale deur die aktekantore aanvaar moet word. Hierdie is 'n verkeerde artikelverwysing aangesien Artikel 35 nie met taal handel nie maar dit is net regulasie 35(2) van die Aktewetregulasies wat met die taal van voorwaardes wat oorgedra word, handel. Lede van die publiek se aandag word ook net op artikel 5 van die Wet op die Vervreemding van Grond, Wet 68 van 1981 gewys waarvolgens die koper die taalkeuse van die koopkontrak mag bepaal.

In die kennisgewing word vermeld dat die Law Society of South Africa hieromtrent gekonsulteer is. Op navrae by die LSSA het 'n mede-president, meneer Jan van Rensburg, my meegedeel dat hy nie kennis dra van 'n konsultasie hieroor met die LSSA nie en nog minder dat daar sodanige besluit geneem is. Hy het dit toe opgevolg en die LSSA het dit toe met die Registrateur van Aktes Pretoria, Advokaat Audrey Gwangwa opgevolg. Sy het my op 11 Januarie 2017 telefonies gekontak en ingelig dat sy ontken dat sy die outeur van die dokument is en dat dit ook nie haar handtekening is nie, maar toegegee dat dit op die Departement van Landelike Ontwikkeling

en Grondhervorming se briefhoof verskyn. Sy wou weet wie my bron is en het ek toe later haar van 'n e-pos van 'n sekere me Tursha Magardie voorsien en het ek haar geskakel en het sy bevestig dat me Tursha Magardie een van haar werknemers is. Sy het my tydens die aanvanklike gesprek daarop gewys dat daar klaarblyklike foute in is waaronder die feit dat sy nie jurisdiksie het om oor die hele land sodanige besluit te implementeer nie en dat dit ook nie die korrekte volgnommer van haar besluite bevat nie. Verder dat die vereiste dat alle uitklaringsertifikate van munisipaliteite ook net in Engels ingedien mag word, buite-om haar bevoegdheidsfeer val. Sy het onderneem om onmiddellik 'n skrywe aan die Hoofregistrator van Aktes en ander aktekantore te stuur sodat daar nie enige verwarring hieromtrent bestaan nie. Tot op die tydstip van hierdie verklaring het ek nog nie 'n afskrif daarvan ontvang nie.

Die oplossing is eenvoudig om die uitdagings deur behoorlike taal bestuur te hanteer. Dit sluit in die aanstelling van personeel in die spesifieke aktekantore om aktes te kan hanteer wat in die verskillende amptelike tale ingedien word. Voorts behoef dit ook behoorlike vertalers om diegene by te staan wat nie oor taalvaardigheid in ander amptelike tale beskik nie.

Die problematiek waarmee prokureurs as transportbesorgers gekonfronteer sou kon word, as dit nie 'n valse dokument was nie, sou wees dat die oordragte van eiendomme nou aan die sakke van hulle kliënte gekoppel is en sal pragmatisme die prokureurs waarskynlik genoop het om maar in te val by sodanige grondwetvergryp om nie skade aan hulle kliënte te veroorsaak nie. 'n Beroep word op transportbesorgers gedoen om bedag te wees op hierdie gepoogde ongrondwetlike praktyk en om dit op 'n kollektiewe wyse te antisipeer en te opponeer deur aktes in enige van die amptelike tale in te dien en nie weens Engelse akteprogrammatuur te verengels nie. Die Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, in wie se departement die aktekantore ressorteer, moet kennis neem dat hy gedagvaar sal word vir skadevergoeding welke miljoene rande kan beloop, indien hierdie ongrondwetlike praktyk ooit geïmplementeer sou word en aktes as gevolg daarvan verwerp sou word.

Dit is duidelik dat die huidige Regering deur middel van sy agente die ANC se taalbeleid van 1992, wat nie in die Grondwet vervat is nie, wens te implementeer deur Engels as enigste amptelike taal te verhef en hulle klaarblyklik nie steur aan die beginsel van grondwetmatigheid en die beginsel van die oppergesag van die Grondwet nie. Ek herinner hulle graag aan die Sertifiserings-uitspraak van die Grondwet toe daar in 1996 deur die Konstitusionele Hof bevind is dat die status van Afrikaans as amptelike taal nie verminder is nie. Die argument was toentertyd dat die byvoegings van 9 ekstra amptelike tale in praktyk daartoe gaan lei dat die posisie van Afrikaans verwater gaan word. Die praktyk het daardie standpunt, wat die Konstitusionele Hof toe verwerp het, reeds nou egter korrek bewys en hierdie vervalsingspoging is in stryd met gemelde uitspraak en die Grondwet.

Die anti-gevoel teen Afrikaans, wat die mees gebruikte taal na Engels in die aktekantoor is, is eintlik die oorsaak van hierdie vlieër wat opgestuur is om ons reaksie te toets. Dit is dus in hoofsaak 'n geпоogde aanslag teen Afrikaans. Gaan die leiers in ons land eers reageer as geweld gepleeg word ten einde Afrikaans en ander amptelike tale te beskerm? Mag so dag nie aanbreek nie maar indien wel moet hierdie taalskenders verantwoordelikheid neem. Hierdie vlieër is nie alleen ongrondwetlik nie, maar is onverantwoordelik, onverdraagsaam en minagtend en moet deur alle redelike Suid-Afrikaners veroordeel word. Suid-Afrika is slegs Suid-Afrika wanneer sy taaldiversiteit gerespekteer word.

Ek doen 'n beroep op die Registrateur van Aktes om onmiddellik hierdie vervalsingspoging by die SAPD aan te gee en om voort te gaan om grondwetgetrou en wetmatiglik op te tree. Indien me Tursha Magardie nie die magtiging van die Registrateur van Aktes in Pretoria gehad het nie, verwag ek ook dat dissiplinêre aksie teen haar geneem sal word. Ek versoek ook alle prokureurs en lede van die publiek om hulle verontwaardiging hieromtrent aan die hoof Registrateur van Aktes met e-pos adres carlize.knoesen@drdlr.gov.za en faksnommer 0866220896 deur te gee.

Die Minister van Kuns en Kultuur is verantwoordelik vir taalaangeleenthede maar swyg in al elf amptelike tale wanneer dit by leierskap oor die bevordering van ons elf amptelike tale handel. Die Departement van Kuns en Kultuur gaan mank aan 'n behoorlike politieke wil, bekwame personeel en finansies om die positiewe uitdaging om taaldiversiteit te bevorder, aan te spreek. Hierdie uitwas is 'n direkte gevolg van hierdie vakuum wat deur die Departement van Kuns en Kultuur se versuim gelaat word.

Uitgereik deur: Cerneels Lourens
Prokureur en taalreg-aktivis